

Wetenskaplike bydraes

Reeks H: Intreerede nr. 243

**Die invloed van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld op
volhoubaarheid in Suid-Afrika**

Prof IJ Van der Walt



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 243**

Die invloed van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld op volhoubaarheid in Suid-Afrika

Prof IJ Van der Walt

Intreerede gehou op 27 Oktober 2011

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.
The University is not held responsible for opinions expressed in this publication.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:
Enquiries regarding *Scientific Contributions (Wetenskaplike Bydraes)* can be directed to:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2011 NWU

ISBN 978-1-86822-612-2

Die invloed van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld op volhoubaarheid in Suid-Afrika

IJ vd Walt

Mnr die rektor, lede van die bestuurskomitee, dekane, direkteure, kollegas, vriende en familie – dit is vir my 'n besondere eer dat u vanaand hier teenwoordig is en dat ek my siening oor enkele aspekte van die invloed van wêreldbeeld op omgewingsvolhoubaarheid met u mag deel. Toe ek die loopbaanskuif gemaak het vanuit Geografie na Natuurwetenskap- en Tegnologie-filosofie, het baie mense vir my gevra waarom ek dit doen. Ek hoop om daardie vraag vanaand te beantwoord deur 'n analise van invloed van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld op omgewingsvolhoubaarheid aan u voor te hou, en terselfdertyd die noodsaaklikheid te beklemtoon waarom vakfilosofiese onderbou minstens dieselfde aandag moet geniet as natuurwetenskaplike- en tegnologiese kennis by ons studente en personeel.

My belangstelling in wêreldbeelde is reeds vroeg in my loopbaan gestimuleer. In 1996 was ek lid van 'n organisasie met die naam LEAD, en een van die omgewingsprobleme waarmee ons destyds gekonfronteer is, was dat die SAVE-rivier in Suid-Oos Zimbabwe toegeslik het. Die rede daarvoor was oorbeweiding en oorbenuiting van die grond in die opvanggebied, wat oormatige erosie tot gevolg gehad het. “*Solar Cooker International*” het toe 'n aantal sonstowe uitgedeel aan mense in die landelike gebiede sodat hulle nie meer bome hoef af te kap vir vuurmaakhout nie. 'n Jaar later was ons in dieselfde gebied, en my verbasing was groot toe ek sien dat sommige mense die sonstowe gebruik as vuurherde. Toe ek die rede daarvoor probeer vasstel, was die antwoorde aanvanklik baie vaag en ontwykend, maar later het een vrou opgemerk: “*this is foreign, first world technology being imposed on us*”. In hulle kultuur is die vuur saans nie alleen net die plek waar die kos voorberei word nie, maar ook die plek waar gesinsbande gesmee word. Alhoewel die wetenskap en die tegnologie 'n logiese antwoord vir die toeslikking van die SAVE rivier gebied het, het die projek misluk omdat basiese aspekte van die wêreldbeeld van die plaaslike bevolking nie in ag geneem is nie.

Daar is legio voorbeelde van soortgelyke mislukkings in Suid-Afrika vanweë verskillende wêreldbeelde van verskillende kultuurgroepe. Kyk bv na ons land se water – die gehalte daarvan is baie swakker as 30 jaar gelede, terwyl die wetenskap en tegnologie om water mee te behandel of te suiwer oor die afgelope 30 jaar geweldig ontwikkel het. Ook hierdie verskynsel kan ten minste gedeeltelik aan verskillende wêreldbeelde toegeskryf word.

Ek konsentreer in hierdie voordrag slegs op die tradisionele Afrika-wêreldbeeld, maar ek wil dit graag beklemtoon dat my doel nie is om hierdie wêreldbeeld te kritiseer nie, maar om 'n eerlike poging aan te wend om die invloed daarvan op die toestand van die omgewing in die breë sin van die woord, te probeer verstaan. Omdat ekself vanuit 'n christelik-westerse wêreldbeeld lewe en werk, het ek deurgaans in my analise swaar gesteun op wat inheemse Afrika-akademics self gepubliseer het oor die tradisionele Afrika wêreldbeeld.

Suid-Afrika, met 11 amptelike landstale, talle etniese groepe en kulture binne 'n wye bestek van politieke standpunte kan nie simplisties gestereotipeer word nie. Die Suid-Afrikaanse bevolking is in die post-1994 demokratiese era nie meer streng

langs 'n rasse-lyn gepolariseer nie, maar toenemend langs 'n sosio-ekonomiese lyn van die "have's" en die "have-not's". Ideologies gesproke vertoon hierdie verdelingslyn eerder die kenmerke van 'n bestek as 'n skerp gedefinieerde lyn, met die meeste swart Suid-Afrikaners wat iewers op 'n kontinuum verkeer tussen 'n tradisionele Afrika-wêreldbeeld aan die een kant, en 'n post-moderne Westerse vrye mark wêreldbeeld aan die ander kant, binne die realiteite van etnisiteit. Die interne verdelingslyn moet binne die konteks gesien word van twee globale verdelingslyne, naamlik die ryk en ou Noorde en die arm en jong Suide asook die ou koloniale moondhede en die jong gedekoloniseerde wêreld as twee uiterstes (Venter, 2011). Die nastrewing van teenstrydige utopiese werklikhede gee aanleiding tot 'n dinamiese spektrum van ideologieë wat strek vanaf fundamentalistiese ver-regse (of ver-linkse) rassistiese elemente aan die een kant tot by 'n volledig-geglobaliseerde, selektief-kultuurgedrewe wêreldburger aan die ander kant.

Die volgende aanhaling illustreer die onvolhoubaarheid van Afrika in 'n snel-veranderende wêreld:

"Today, Africa has become more desolate; there is more starvation, diseases and non-provision of essential services than when we got our independence. There are all kinds of wars in Africa and millions of lives have been lost. There are more dictators in Africa than the rest of the world put together. The majority of so-called African leaders want to stay in power until the day their bodies are put in the grave. Through buffoonery, utter mismanagement and downright stealing of the wealth of the masses, these leaders have so impoverished Africa that we are now nothing but a beggar continent. We beg for everything; we are more dependent on our colonial masters than when we received independence from them. In the last 32 years, I have watched in horror and outright helplessness as the downward slide of the African race continues to escalate. But rather than address the problems, we resort to blaming the Caucasians, Asians and others for our misfortune. We are not man enough to accept responsibility for our actions. Africans blame the British, French...Portuguese/Spanish....Caucasians...International Monetary Fund...World Bank, Group of 7, former colonial masters..... Ha! – some kind of independence! The blame game has become a permanent part of our lives to the exclusion of any other solution that could be more viable in solving our problems. It has become the most productive part of our lives, because without it the African cannot really point to much that they are in charge of producing. It is better to blame others than to confront the truth...." (Onyeani, 1990).

Onyani het egter nie daarin geslaag om die verband raak te sien tussen die tradisionele Agfrika-wêreldbeeld en die situasie wat hy beskryf het nie. In die res van hierdie voordrag poog ek om daardie verband duideliker te omskryf.

Die tradisionele Afrika-wêreldbeeld

Volgens Turaki (2011) word die Tradisionele Afrika wêreldbeeld onderlê deur vier geïntegreerde, fundamentele ontologiese vertrekpunte, naamlik die geloof in:

- onpersoonlike en mistieke kragte wat alles en almal omring en beïnvloed (*Matla* in Sotho en *Amandla* in Zulu). Volgens Theron (1987) kan hierdie kragte gemanipuleer word om voorspoed te verseker, maar 'n verlies aan krag kan lei tot teëspoed. Dit is belangrik om te beseef dat hierdie krag eindig is en dat alle wesens en entiteite in kompetisie is om meer van die krag vir hulself toe te eien. Indien een groep of persoon daarin slaag om uit te styg bo die gemeenskap, word dit gereken as ten koste van die res te wees, wat die harmonie in die kosmos versteur.
- geestelike (spirituele) eienskappe inherent aan bv. berge, bome, riviere, en diere. Die realiteit is gevul met geeste wat getipeer word m.b.t. hul nut of bedreiging vir die individu.
- 'n hiërargiese poli-teïsme, wat voorvadergeeste insluit, en
- 'n oppermagtige, onpersoonlike en ontoeganklike God

Mbiti (1990) voeg 'n verdere aspek hierby, wat die tradisionele Afrika konsep van tyd is. Tradisionele Afrikane ag 'n lang geskiedenis (*Zamani*) en die hede (*Sasa*) as belangrik. Gebeure beweeg van die "Nou" (*Sasa*) na die geskiedenis (*Zamani*), terwyl daar geen konsep is van geskiedenis wat vorentoe in tyd beweeg na die einde van die wêreld toe nie. Vir die meeste tradisionele Afrikane strek die toekoms nie verder as slegs die onmiddellike toekoms nie. Die sentrum van denke is geleë in die *Zamani*, en dit beïnvloed die *Sasa*. Beide *Zamani* en *Sasa* word gedomineer deur mites en misterie. Hieruit volg dat die tradisionele Afrikaan hom/ haar nie graag met enige besonderhede van 'n saak wil bemoei nie, aangesien wysheid te vinde is in misterie. Die soeke na nuwe kennis word afgewys.

Bogenoemde ontologiese vertrekpunte lei tot die volgende psigologiese realiteite (Turaki, 2011):

- 'n lewe in dominante vrees vir geheimsinnige, nie-waarneembare mistieke kragte
- 'n lewe sonder troos, vrede of tevredenheid, aangesien die individu enige oomblik die slagoffer kan word van die geesteswêreld indien die geeste aanstoot sou neem
- Terloopse moraliteit en etiek vanweë min differensiasie tussen goed en kwaad, aangesien die geesteswêreld beide goed en kwaad verteenwoordig.
- Fatalisme, a.g.v. 'n eksterne lokus van beheer. "Goed gebeur met my" teenoor 'n Westerse interne lokus van beheer, naamlik "Ek kan goed bestuur". Dit vertaal volgens Venter (2011) uiteindelik in die aanpassing van Descartes se stelling "Ek dink, daarom is ek" (I think, therefor I am) na die Afrika paradigma "Ek neem deel, daarom is ek" (I participate, therefor I am).
- 'n soeke na 'n wyse van manipulasie van die werklikheid deur rituele en magie tot eie (groeps-) belang
- 'n Afwesige of beperkte toekomsvisie

Volgens Turaki (2011) gee die Afrika- paradigma wat vervolgens ontwikkel insig in hoe die tradisionele Afrikaan die wêreld bejeën, naamlik:

- 'n holistiese realiteit met min of geen onderskeid tussen die materiële en die spirituele wêreld. God, die kleiner gode, die individu, die gemeenskap, spirituele kragte en geeste is alomteenwoordig en onderling verbonde, met die gevolg dat wat 'n individu beïnvloed, noodwendig die groter geheel terselfdertyd beïnvloed. Die oorheersende doelwit moet wees om harmonie te soek binne die groep vanweë die interverwantskap van alles en almal.
- 'n dominerende, spirituele milieu wat kenmerke vertoon van 'n fatalistiese werklikheid waarin alles voorafbepaald is. Gebeure vind plaas op die wyse waarop dit veronderstel is om te gebeur. Pogings om die realiteit te verander is futiel, en individue word aangemoedig om eerder te konformeer.
- 'n kragspel, waarin elke individu maksimaal daarop ingestel is om vir die nou en hier alle moontlike mag te verkry op enige wyse, insluitende magie, rituele, voorvadergeestelike aanbidding, ens.
- 'n gemeenskaplikheid waarin alle individue van 'n spesifieke gemeenskap onderling verbonde is. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen diegene wat as deel van die groep gereken word en diegene wat buite die groep staan. Bloedbande is allesoorheersend, en moraliteit en etiek het slegs beperkte betekenis en belang buite die groep
- Tradisionele Afrikane heg min of geen waarde aan voortuitgang - die idee dat menslike aktiwiteite en prestasies voortdurend verbeter kan word deur ontwikkeling, is 'n vreemde konsep.

Indien die tradisionele Afrika-wêreldbeeld in die idioom van 'n ideologie beskryf word, sal die utopiese situasie een wees van 'n statiese, sosialistiese mono-kulturele kollektiewe bestaans ekonomie wat in harmonieuse onderlinge verbondenheid met die sigbare en onsigbare realiteit bestaan. Negatieweite word effektief bestry deur pogings om die geesteswêreld te manipuleer deur rituele en toorkuns, en elke individu is met gelyke hoeveelhede mag en aansien beklee. Moraliteit en etiese waardes geniet hoë prioriteit binne die groep. Toekomsvisies en vooruitbeplanning is onbelangrik, terwyl die denke en aktiwiteite oorheers word deur die geskiedenis, wat aktiwiteite in die hier en nou rig.

Die realiteit van 'n grootliks verstedelike, multi-kulturele, post-apartheid Suid-Afrika verskil egter hemelsbreed van die utopiese tradisionele Afrika-wêreldbeeld. Mbiti (1990) stel dat die vinnig veranderende wêreld sedert die 2e helfte van die 19de eeu snelle en radikale veranderinge in Afrika teweeggebring het wat die wese van die tradisionele Afrika wêreldbeeld fundamenteel raak. Die tradisionele Afrika het 'n ritmiese, bykans statiese lewenstempo waar verandering so stadig plaasvind dat dit bykans ongemerk verbygaan. Die tradisionele Afrika bestaan vind in noue samehang en in harmonie met mekaar en met die omgewing plaas, in teenstelling met die snelle Westerse lewenswyse wat die noue kontak en harmonie met die natuur sedert die industriële revolusie verloor het.

Die hedendaagse Afrika is onderworpe aan snelle verandering op bykans elke lewensterrein, gedrewe deur 'n Westerse wêreldbeeld bestaande uit 'n nuwe en vreemde kultuur, politiek, wetenskap, tegnologie, geneeskunde, skole en metodes om die natuur te beheers. Kolonialisme het Afrika probeer omvorm in ewebeelde van die koloniale heersers, met die gevolglike opbloeï van Afrika-nasionalisme wat geleidelik tot gewelddadige weerstand in plekke. Die koloniale veranderinge het egter 'n blywende merk gelaat, wat deur Mbiti (1990) "Detribalisation" genoem word. Tradisionele lewenswyses en -waardes is grootliks ondermyn, terwyl alternatiewe identiteite posvat onder individue en gemeenskappe. Hegte tradisionele familie- en gemeenskapsbande word verswak deur twee verskillende wêreldbeelde, naamlik 'n tradisionele Afrika wêreldbeeld by ouer, ongeletterde mense, en 'n postmodernistiese wêreldbeeld by 'n belese, opgeleide en akademies-geskoolde jonger geslag. Die ekonomiese-, politieke- en kulturele verwagtinge binne so 'n gemeenskap is verskillend, wat ten diepste die Afrika-individu in 'n situasie dompel waarvoor die tradisionele lewenswyse hom/haar nie voorberei het nie. Tesame hiermee veroorsaak 'n verhoogde mobiliteit dat individue ontwortel word van tradisionele moraliteite, gebruike en solidariteit, grootliks geïsoleer van die korporatiewe *Zamani* van hul voorvaders.

Volgens Mbiti (1990) was hierdie veranderinge te snel vir baie Afrikane, met die resultaat dat die individu hom/haarself bevind iewers tussen 'n tradisionele solidariteit en 'n postmodernistiese, hoofsaaklik Westerse lewenswyse. Die tradisionele paradigmas word vinnig al hoe verder die verlede in geskuif, en hoe meer dit op die agtergrond gedryf word, hoe meer rooskleurig vertoon dit, met die gevolglike toenemende strewe van die moderne Afrikaner na die harmonie van die verlede. Die meerderheid hedendaagse Afrikane verkeer dus in 'n nie-harmonieuse en nie-kreatiewe spanningsveld tussen die *Zamani* en die toekoms, met 'n gevolglike toenemende ontwikkeling van 'n Afrika-nasionalistiese gevoel van selektiewe opstand teen sekere aspekte van die Westerse wêreldbeeld. In hierdie Afrika-nasionalisme word sekere elemente van die tradisionele Afrika wêreldbeeld vervang met elemente van Westerse paradigmas, maar volgens Mbiti (1990) is die tempo waarteen van Afrika-tradisies afstand gedoen word veel vinniger as die tempo waarteen die Westerse paradigma aangeneem word en aangepas word by die snel veranderende, toekoms-gedrewe wêreld.

Dit gee aanleiding tot 'n gevaarlike onstabiele denke, waar soliede stamgebaseerde solidariteit vervang word met 'n onstabiele, soekende nasieskap. Die nasieskap is in die meeste gevalle steeds ondergeskik aan elemente van die tradisionele stam-identiteit, en in Suid-Afrika waar ongeveer 60% van 'n multi-kulturele bevolking gekonsentreer word in stede, kom verskynsels soos rituele, toorkuns en stamgevegte steeds voor.

Hierdie verskynsels is nie uniek of beperk tot Afrika of die Afrika-wêreldbeeld nie – al die wêreldbeelde in Suid-Afrika beleef in 'n mindere of meerdere mate hierdie spanningsveld wat lei tot onstabiele denke.

Om te beweer dat Suid-Afrika 'n morele en etiese krisis beleef is nie vergesog nie, met korrupsie, moord, verkragting, xenofobie, MIV/VIGS, dwelmmisbruik en endemiese diefstal wat daagliks in die media gerapporteer word. Die konsep van "entitlement" of toe-eiening, wat een van die negatiewe uitkomstes van regime-

verandering is, vererger die problematiek, deurdat sommige lede van die heersende politieke party die aanneme maak dat die stelsel hulle iets skuld, sodat hulle hulself dan skuldig maak aan institusionele diefstal – bv. die sg. “tenderpreneurs” (Venter, 2011). Die tradisionele Afrika paradigma heers egter steeds onder ‘n beduidende deel van die bevolking, wat gesubstansieer word deur bv. die geraamde 300 mense per jaar wat vermoor en vermink word vir liggaamsdele.

Die Mosambiekse Human Rights League en Childline South Afrika het op 9 Junie 2011 ‘n studie vrygestel waarin bevind word dat tussen 2008 en 2010 daar minstens 1 rituele verminkingsmoord elke 2 weke plaasgevind het in Suid-Afrika of Mosambiek.

Wat volhoubaarheid in Suid-Afrika verder kompliseer, is die invloed van ‘n Westerse, individualistiese, postmodernistiese wêreldbeeld wat al hoe duideliker sigbaar raak, waar persone uit alle kulture met ‘n vrye-mark ideologie toenemend opportunisties optree. Die winsmotief is oorheersend en die werkswyse is een van minimale insette vir maksimale winste. Etiek en moraliteit speel ‘n minderwaardige of selfs afwesige rol in besluitneming, soos gesien kan word in bv. die onwettige storting van mediese afval deur ‘n vooraanstaande maatskappy wat ‘n prysenswaardige omgewingsverantwoordelike front projekteer, die nagtelike onwettige leegpomp van die riooltenks van gewilde vakansieoorde direk in riviere in, of die betrokkenheid van veeartse by onwettige renosterstropery.

Op nasionale vlak word gangbaarheid hoofsaaklik bepaal deur die mees dominante waardes van ‘n gemeenskap, wat beteken dat ‘n oorweldigende meerderheidsparadigma (soos in Suid-Afrika), noodwendig die regeringsparadigma word. Al kan die meeste verskille tussen hedendaagse burgers van Suid-Afrika verklaar word in terme van verskillende vlakke van sosiale, intellektuele, tegnologiese en ekonomiese ontwikkeling eerder as ras, bly elemente van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld duidelik waarneembaar in die hedendaagse regering.

Een van die voorbeelde hiervan, is dat die ANC met ‘n beleid van kader-ontplooiing en dogmatiese regstellende aksie, onbevoegde maar ANC-lojale lede in poste aangestel het waarvoor hulle andersins nie sou kwalifiseer nie, terwyl hulle terselfdertyd ervare (hoofsaaklik wit) amptenare verloor het en daarmee saam die institusionele geheue van organisasies (Venter, 2011).

‘n Verdere voorbeeld van die invloed van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld in die hedendaagse regering is dat lojale ANC amptenare wat hulself as onbevoeg of selfs korrup bewys het, eerder “herontplooï” as afgedank of vervolgd word sodat die harmonie nie versteur word nie.

Volgens Mbiti (1990) lei die paradigma dat etiek en moraliteit slegs binne groepsverband belangrik is, tesame met die tradisionele strewe na harmonie, daartoe dat sulke konflikterende wêreldbeelde gemaklik gelyktydig geakkommodeer kan word in die hedendaagse Afrikaan.

Volhoubaarheid in Suid-Afrika

Die kombinasie van 'n openbare sektor waarin posisies hoofsaaklik beklee word deur persone wat ten minste gedeeltelik vanuit 'n tradisionele Afrika wêreldbeeld leef en funksioneer, met 'n Westerse "anything goes" postmodernistiese vryemark-opportunisme waar die hoofmotiewe is om maksimale voordele te verkry sonder om betrap te word, is die belangrikste oorsaak van die nie-volhoubare pad waarop Suid-Afrika homself tans bevind.

Die "Fund For Peace" is 'n internasionale nie-winsgewende organisasie wat jaarliks 'n verslag publiseer wat die mate aandui waarin elke land volhoubaar is. Hierdie indeks word genoem die "Failed State" indeks en dit word bereken deur 'n aantal sosiale, ekonomiese en politieke faktore in ag te neem. Volgens 2011 se indeks is daar slegs 12 lande in die wêreld wat volhoubaar is. Vier-en-dertig verkeer in 'n staat van matige kommer, in 'n verdere 91 flikker rooi gevaarligte en 37 lande word beskryf as disfunksioneel.

Suid-Afrika beklee die 116de plek uit 177 lande en val in die groep waar gevaarligte flikker. Dit is verder opmerklik dat 7 van die 10 mees-disfunksionele lande op aarde in Afrika geleë is.

Die Suid-Afrikaanse omgewings-volhoubaarheidstatus word vervolgens kortliks bespreek aan die hand van bevolkingsgroei, water en klimaatsverandering.

Bevolkingsgroei

Die belangrikste dryfveer onderliggend tot alle globale omgewingsprobleme is die bevolkingsontploffing wat afhanklik is van eindige fossielbrandstowwe. Die huidige wêreldbevolking staan op ongeveer 7 miljard, en dit word beraam dat sonder fossielbrandstowwe die aarde in staat is om slegs 2 miljard mense te onderhou. Tog duur die snelle aanwas voort ten spyte van die feit dat Thomas Malthus reeds in 1798 gewaarsku het dat ongebreidelde bevolkingstoename altyd 'n eksponensiële aard sal hê en dit daarom onvolhoubaar is. Enige ongebreidelde groei binne 'n begrensde, eindige stelsel is onmoontlik en stuur af op 'n ramp.

Suid-Afrika beleef dieselfde tendens as die res van die wêreld, met die swart bevolking wat 'n beduidend hoër aanwaskoers vertoon as die ander bevolkingsgroepe. Soos oral in die wêreld, het tradisionele gemeenskappe in landelike gebiede groter gesinne, en in Afrika word 'n groot (uitgebreide) gesin deur die gemeenskap gerespekteer. 'n Man wat nie 'n kind kan verwek nie is word bv. deur die Zoeloes as identiteitsloos beskou en deur die gemeenskap as 'n mindere bejeën. Gebruike soos "Ukungena" of die gewoontehuwelik van 'n gestorwene se broer met sy weduwee kom steeds algemeen voor. Volgens Tshabalala (1990) bestaan geboortebepanking en die beheer oor bevolkingsgroei nie in die tradisionele Afrika wêreldbeeld nie, en hedendaagse kommer oor snelle bevolkingsgroei wat ekonomiese hulpbronne onder druk plaas, is gegrond op aannames wat vreemd is vir tradisionele Afrikane. In die politieke konteks van Suid-Afrika bring dit selfs agterdog mee. Hoewel die situasie besig is om te verander, is die swart bevolkings-groeikoers steeds die hoogste in Suid-Afrika, en die druk op ons hulpbronne nader 'n krisispunt, veral m.b.t. watervoorsiening en voedselsekuriteit.

Die geskatte 6 miljoen onwettige immigrante in Suid-Afrika vererger die probleem

Tans ontvang 15 miljoen mense maandeliks verskillende tipes subsidies van die regering. Slegs 5.9 miljoen mense betaal inkomstebelasting en ongeveer 11.2 miljoen mense betaal indirekte belasting soos BTW. Die resultaat is dat ongeveer 11 miljoen Suid-Afrikans ekonomies aktief is en 15 miljoen van staatsubsidies afhanklik is om te oorleef. Die subsidies behels ongeveer R10 miljard per maand en dit is die ANC se metode om die 40% werkloosheid in veral die platteland te bestuur (Venter, 2011).

M.b.t bevolkingsgroei dui navorsing deur die "Rural Women's Movement" daarop dat tienermeisies met voorbedagte rade swanger word om toegang te verkry tot sosiale subsidies en gratis mediese sorg. Hierdie praktyk het tot gevolg dat bevolkingsgroei in Suid-Afrika selfs vinniger toeneem ten spyte van die toenemende druk op ondersteunende hulpbronne, tesame met addisionele onvoorsiene gevolge soos 'n versnellende tempo van MIV/VIGS infeksies en 'n verlaging in sedelike en morele waardes, met die gepaardgaande sosiale probleme wat daaruit ontstaan.

Water

M.b.t. watergehalte, het die omvang van ons land se rioolkrisis aan die lig gekom in die "Green Drop" verslag wat vrygestel is in 2009.

Hierin het die Departement van Waterwese plaaslike owerhede aan die hand van sewe kritieke areas beoordeel en bevind dat waterdienste oor die land heen in verskillende stadiums van ineenstorting is.

Dit is in die parlement bevestig dat hierdie toestand die gevolg is van jare se gebrekkige instandhouding van infrastruktuur, swak bestuur en ernstige vaardigheidstekorte by plaaslike regerings. Slegs 30 van die land se 283 munisipale waterdienste funksioneer tans behoorlik, terwyl 23 munisipaliteite nie die vermoë het om rioolwater te behandel of veilige drinkwater te voorsien nie.

Wat betref die hoeveelheid water, het die werklikheid dat Suid-Afrika 'n droë land is, nog nie by die meeste inwoners posgevat nie.

Volgens Turton (2008) word Suid-Afrika gekonfronteer met te veel mense en te min waterbronne. Volgens die National Water Resources Strategy (2004) is 98% van ons waterhulpbronne reeds toegeken, en is daar geen surplus water beskikbaar nie. Hierdie eenvoudige feit plaas 'n onoorkombare beperking op enige toekomstige ekonomiese groei. Die gebrekkige waterbehandeling deur rioolaanlegte veroorsaak dat swak gehalte water terugvloei na ons riviere en gegewe die toestand van ons land se rioolwerke is dit waarskynlik dat watergehalte in die meeste van ons land se riviere in die afsienbare toekoms sodanig gedegradeer gaan wees dat dit onbruikbaar sal wees vir huishoudelike of industriële toepassings sonder duur suiweringsmetodes.

Klimaatsverandering

M.b.t. klimaatsverandering het 'n gebrek aan vooruitbeplanning ten spyte van tydige waarskuwings daartoe gelei dat SA se energietoestand tans baie kwesbaar is, sonder

genoegsame reserwe elektriese opwekkingskapasiteit. Om hierdie situasie aan te spreek, het die regering besluit om verskeie bykomende steenkool-kragstasies te bou, wat Suid-Afrika se koolstofvoetspoor beduidend gaan vergroot.

Dit is in skrilte kontras met die belofte wat Suid-Afrika gemaak het op die internasionale konferensie in Kopenhagen op 18 Desember 2010, waar ons minister van Omgewingsake Suid-Afrika se voorneme om ons koolstofvoetspoor met 34% te verklein teen 2020 op skrif gestel het.

Sintese

Minister Trevor Manuel se Nasionale Beplanningskommissie het op 9 Junie 2011 'n verslag vrygestel waarin die toestand van Suid-Afrika opgesom word, en die verslag kulmineer in 5 probleemareas, naamlik onaanvaarbare vlakke van werkloosheid, 'n onderwysstelsel wat nie werk nie, swak dienslewering, algemene misdaad en korrupsie, en 'n disfunksionele gesondheidstelsel wat nie die vlakke van ongesteldheid in Suid-Afrika kan hanteer nie.

Tydens 'n debat wat in Mei 2011 deur die Ahmed Kathrada-stigting aangebied is oor die toekoms van nie-rassigheid in Suid-Afrika, het mnr. Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris van Cosatu, die volgende gesê: *“Ware versoening en heropbou sal eers begin wanneer wit mense aanvaar dat die ongelykhede op die lang duur nie volhoubaar is nie en wanneer die swart meerderheid aanvaar dat wit mense, juis weens die land se geskiedenis, 'n beter opvoeding (opleiding?) gehad het en oor meer vaardighede beskik”*.

Mnr. Andile Mngxitama, 'n jong rubrieksrywer van City Press wat die werk van die swartbewussynsleier, wyle Steve Biko, bestudeer, was egter heelwat meer militant. Hy het o.a. gesê *“Nie-rassigheid is nie in staat om die swart vraagstuk en swart bevryding op te los nie. Die probleem met liberale wit mense is dat hulle apartheid as die probleem beskou. Wanneer apartheid afgetakel is, volg integrasie. Dis die sintese, die oplossing vir die apartheidprobleem. Steve Biko het dit witmens-integrasie genoem wat gegrond is op die wit waardes van uitbuiting – integrasie waarin swartes mekaar as tralere gebruik om boontoe te klim om die wit waardes te bereik. Die belangrikste ding is die waardestelsel. Swartes wil geïntegreer word en al hierdie dinge hê. Biko het gesê ons gaan nie ver kom daarmee nie. Die werklike tese is wit rassisme, kragtige wit rassisme. Die antitese is kragtige swart solidariteit. Ons moet duidelik wees hieroor. Jy kan nie versoening hê sonder geregtigheid soos in hierdie land gebeur nie. Daar is geen rekenpligtigheid nie – geen historiese herstel en vergoeding nie. Julle verklaar dat ons 'n reënboognasie is, maar Biko het gesê, nee, ons kan eers een of ander vorm van balans kry wanneer hierdie stryd verby is. Hy (Biko) het dit die ware mensdom genoem. Ons wil nie 8% hê nie. Ons wil die hele Pick & Pay hê”*. Hierdie siening word toenemend gepropageer deur die ANC jeugliga.

Die onvermoë van die post-1994 regering om aan die behoeftes van die bevolking te voldoen, kan in 'n mindere of meerder mate toegeskryf word aan die onvermoë van funksionariese om vinnig genoeg die paradigmaverskuiwing te kon maak vanaf die tradisionele Afrika-wêreldbeeld na die snel-veranderende, geglobaliseerde hedendaagse realiteite. Vooruitbeplanning en toekomsvisie is vreemde konsepte in

die tradisionele Afrika wêreldbeeld, en talle volhoubaarheidsprobleme van die hedendaagse Suid-Afrika kan aan 'n gebrek aan vooruit-denke toegeskryf word.

Die verering van voorvaders deur naamsveranderinge en die aanspreek van onregmatighede van die verlede is bv. belangriker geag as toekomsbeplanning m.b.t. elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika.

Omdat die leierskap van die ANC ouer mense as leiers verkies, het die tradisionele strewe na harmonie daartoe gelei dat min besluite geneem en effektief deurgevoer is, met die soeke na die grootste gemene deler wat telkens oorheers (Venter, 2011).

Die resulterende toestand van skerp ekonomiese ongelykhede sonder die vooruitsig van effektiewe maatreëls deur die regering, is verantwoordelik vir 'n groeiende opwelling van Afrika-nasionalisme, gedrewe deur 'n ongeduldige, onwortelde semi-tradisionele bevolking wat moeg gewag is vir leë verkiesingsbeloftes. Gekoppel met 'n 40% werkloosheidsyfer, resulteer hierdie spanning in geweldadige protesoptredes waar min ontsag vir menseleuens of eiendom aan die dag gelê word. Omgewingsbewaring en volhoubaarheid is baie laag op die agenda van sulke mense.

Natuurlik moet die Westerse verbruikersparadigma met sy ongebreidelde kapitalistiese uitbuitings-kultuur wat bv. die goudmyne in Suid-Afrika 'n eeu gelede tot stand gebring het, sy regmatige deel van die skuld kry. "Die sondes van die vaders" is die direkte oorsaak van baie van die hedendaagse omgewingsprobleme, maar die oplossing daarvoor word gestrem deur die huidige regering waarvan die ideologie steeds baie kenmerke van die tradisionele Afrika-wêreldbeeld vertoon.

Om omgewings-volhoubaarheid te verseker, moet daar tot die beswil van die totale mensdom in terme van dekades of eeue vooruit gedink word. Daar sal afgesien moet word van afbrekende, selfgerigte en kortsigtige aspekte van verskillende wêreldbeelde, en 'n kombinasie van die opbouende aspekte van wêreldbeelde sal toegepas moet word in alle vlakke van die samelewing.

'n Volhoubare wêreldbeeld sal geformuleer kan word wanneer gemeenskappe eerlike introspeksie hou om nie-volhoubare aspekte van hul wêreldbeelde en kulture te identifiseer, en dit te vervang met volhoubare aspekte van ander wêreldbeelde of kulture. In die Suid-Afrikaanse konteks kan die volhoubare aspekte van die Westerse wêreldbeeld soos bv. vooruitbeplanning en produktiwiteit gekombineer word met die Afrika-wêreldbeeld se positiewe aspekte m.b.t. volhoubaarheid soos bv. harmonie met mekaar en met die omgewing en respek vir die skepping. Endemiese armoede, wat een van die grootste vyande is van omgewingsbewaring, sal op hierdie wyse oor die kort- tot mediumtermyn effektief aangespreek kan word deur omvattende, geïntegreerde ontwikkelingsplanne wat vir alle burgers van Suid-Afrika aanvaarbaar sal wees.

Omdat wêreldbeelde egter onderlê word deur religieuse oortuigings, word kulturele gebruike in die meeste gevalle gelykgestel aan godsdienstige oortuigings, met die gevolg dat dit sekerlik geen geringe taak is om enige veranderinge daaraan teweeg te bring nie. Alhoewel die ideaal van 'n universele, volhoubare Suid-Afrikaanse kultuur daarom idealisties mag klink, is ek tog van mening dat dit op die langer termyn nie onbereikbaar is nie.

Die aanhaling van Vavi hierbo toon dat daar 'n realisme begin ontstaan om die beste eienskappe van alle wêreldbeelde en kulture in Suid-Afrika te aanvaar tot voordeel van almal.

Hierdie tentatiewe begin moet egter opgevolg word deur deurlopende, gestruktureerde dialoog met eerlike introspeksie, begrip vir mekaar en baie geduld met mekaar. Die finale toets gaan nie wees watter wêreldbeeld as oorwinnaar uit die stryd tree nie, maar of Suid-Afrikaners in staat gaan wees om die beste uit ons verskeidenheid na vore te bring en toe te pas tot die volhoubare welsyn van almal. Hiermee propageer ek natuurlik nie 'n tipe "New Age" benadering nie, want dit is my persoonlike oortuiging dat ware volhoubaarheid slegs bereik kan word wanneer alle mense in onbaatsugtige liefde en harmonie saamleef soos wat die Christelike geloof dit voorskryf.

Wat is die implikasie hiervan vir die opleiding van studente aan die Noordwes-Universiteit?

Ek is oortuig daarvan dat ons ons studente 'n onreg sal aandoen indien ons hulle nie toerus met kennis oor verskillende wêreldbeelde nie – en dit sluit natuurlik hul eie wêreldbeeld in. Hulle moet in 'n multikulturele samelewing gaan werk wat tot 'n groot mate funksioneer onder die invloed van wêreldbeelde, en 'n deeglike kennis van die Afrika-wêreldbeeld is onontbeerlik indien 'n Westerse mens 'n suksesvolle en vervullende loopbaan in Afrika nastreef. Die idee dat 'n afgestudeerde student met wetenskaplike- of tegnologiese kennis alleen 'n beduidende verskil sal kan maak, is 'n illusie.

Die Afrika-wêreldbeeld word reeds behandel in ons huidige kurrikula, maar ek is van mening dat ons ook die Oosterse wêreldbeeld moet insluit, aangesien veral China tans globaal teen 'n ontsaglike tempo uitbrei. Die kans is goed dat van ons studente vir Chinese maatskappye gaan werk, of dan ten minste interaksie met hulle sal hê. 'n Begrip van die tradisionele Oosterse wêreldbeeld is daarom net so belangrik soos 'n begrip van die tradisionele Afrika- of die tradisionele Westerse wêreldbeeld.

Mnr die rektor, ek wil graag ten slotte enkele bedankings doen. Eerstens aan my voorgangers in wetenskapsfilosofie. Dit is formidabele mense en ek is terdeë bewus van die groot skoen wat ek moet vul. Dan my onderwysers, dosente, kollegas en oud-kollegas, vriende en familie vir jare se ondersteuning en onderskraging op alle terreine van my lewe. Laastens aan my gesin - baie dankie vir jul liefde en ondersteuning. Dis 'n voorreg om saam met julle te mag lewe.

Ek sluit graag af deur saam met die Psalmdigter te bely: *"Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi"*.

Baie dankie.

BIBLIOGRAFIE

- Chabalala, M. 1991. Opvattings, waardes en houdings by swart Suid-Afrikaners oor snelle bevolkingsgroeï. (*In*: Jordaan, J., Tshabalala, M. & Mfono, Z. 1991. Bevolkingsgroeï – ons tydbom. Pretoria, Van Schaik.)
- CSIR. 2010. A CSIR perspective on water in South Africa – 2010. CSIR Report No. CSIR/NRE/PW/IR/2011/0012/A. ISBN: 978-0-7988-5595-2. Pretoria.
- Department of Water Affairs and Forestry. 2004. National Water Resources Strategy. 1st Edition. Pretoria.
- Department of Water Affairs. 2009. Green Drop Report 2009. http://www.dwaf.gov.za/Documents/GreenDropReport2009_ver1_web.pdf [26 July 2011].
- Department of Water Affairs. 2010. Integrated Water Resource Planning For South Africa: A Situation Analysis 2010. Pretoria.
- Department of Water Affairs. 2011. Green Drop Report 2011. <http://www.dwa.gov.za/Documents/GD/GDIntro.pdf> [26 July 2011].
- Eskom. 2011. <http://www.eskom.co.za/c/article/164/what-is-surplus-capacity/> [26 July 2011].
- Fellows, S. 2011a. Male genitalia tops witchcraft list. <http://www.dailynews.co.za/male-genitalia-tops-witchcraft-list-1.1065078> [26 July 2011].
- Fellows, S. 2011b. Trafficing body parts in Mozambique and South Africa. Liga Mozambicana dos Direitos Humanos. Maputu.
- Fund For Peace. 2011. Failed State Index, 2011. <http://www.fundforpeace.org/global/?q=fsi-grid2011>. [26 July 2011].
- Gasa, N. 2010. We Need to Shine the Light in the Dark corners of our Cultures. Rural Women's Movement. <http://rwmsa.org/2010/08/11/nomboniso-gasa/> [26 July 2011].
- Jewkes, R., Vundule, C., Maforah, F. & Jordaan, E. 2001. Relation dynamics and teenage pregnancy in South Africa. Social Science and Medicine 52 (2001) 733-744.
- Jordaan, J., Tshabalala, M. & Mfono, Z. 1991. Bevolkingsgroeï – ons tydbom. Pretoria, Van Schaik.
- Limpopo Provincial Government. 1996. Limpopo conference on ritual murders and missing persons. http://www.limpopo.gov.za/index.php?option=com_content&view=article&id=210:declaration-of-limpopo-conference-on-ritual-murders-and-missing-persons-&catid=38:archive-news&Itemid=102 [26 July 2011].
- Makaye, C. 2011. Teens deliberately getting pregnant to receive social grants. New Age, 1 March 2011. http://thenewage.co.za/Detail.aspx?news_id=11659&cat_id=1008&mid=53. [26 July 2011].
- McCluney, W.R. 2004. Humanity's Environmental Future: Making Sense in a Troubled World. SunPine Press, Cape Canaveral, Florida.
- Mbiti, J.S. 1991. Introduction to African Religion. Oxford: Heinemann.

National Planning Commission. 2011. Diagnostic report. <http://www.saatheart.co.za/files/NPC%20Diagnostic%202011.pdf> [26 July 2011].

Nyirongo, L. 1997. The gods of Africa or the God of the Bible? *Science Contributions* of the Potchefstroom University for Christian Higher Education, Potchefstroom.

Onyeani, C. 1990. *Capitalist Nigger*. Johannesburg: Jonathan Ball

RSA (Republic of South Africa) 2010. National climate change response green paper. Pretoria, Department for Environmental Affairs. <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=135920> [26 July 2011].

Sake-24. 2011. ANC vrees dié swart nasionaliste. <http://m.news24.com/sake24/Menings/Rubrieke/ANC-vrees-hierdie-swart-nasionaliste-20110531> [26 Julie 2011].

The Presidency, Republic of South Africa. 2009. Development indicators 2009. <http://www.thepresidency.gov.za/learning/me/indicators/2009/indicators.pdf> [27 July 2011].

Theron, P. 1987. *The church and traditional African cultural habits and beliefs*. University of Pretoria.

Turaki, Y. 1999. Christianity and African gods – a method in theology. *Science Contributions* of the Potchefstroom University for Christian Higher Education, Potchefstroom.

Turaki, Y. 2011. An introduction to an African traditional worldview. Referaat gelewer tydens die Stokerlesingreeks, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 3 Junie 2011.

Turton, A. 2008. *The state of water resources in South Africa*. CSIR, Pretoria.

UNEP. 2010. The Emissions Gap Report: Are the Copenhagen Accord pledges sufficient to limit global warming to 2 °C or 1.5 °C? A preliminary assessment. Appendix 2. http://www.europeanclimate.org/documents/UNEP_Emissions_Gap_Appendix%20Country_annex.pdf [26 July 2011].

Van der Walt, B.J. 2006. *When African and western cultures meet*. The Institute for contemporary Christianity in Africa (ICCA).

Van der Walt, B.J. 2008. *Understanding and rebuilding Africa*. The Institute for contemporary Christianity in Africa (ICCA).

Venter, Albert. 2011. *Nasionale identiteitsvraagstukke in post-apartheid Suid-Afrika*. Universiteit van Johannesburg, Geleentheidsreferaat.

Venter, Theo. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom. 26 Mei 2011.